



ORDONNANSIES

VAN

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

1935

GEPUBLISEER OP GESAG

En gedruk onder toesig van die Staatsdrukker

GEDRUK IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA DEUR DIE
STAATSDRUKKER, PRETORIA,
1935.

G.P.-S. 22791—1935—1,362.

INHOUD
(Alfabeties).

NOMMER VAN ORDONNANSIE.	TITEL.	BLADSY.
1935		
2	Addisionele Toeëienings (1934-1935).....	2
7	Dranklisensies	7
6	Hoofrifpad Wysigings.....	7
3	Nie-gemagtigde Uitgawe (1932-1933).....	3
10	Onderwyserspenioene-Bydrae-Reëlings	16
5	Perdewedrenne en Weddenskappe Wysigings	6
9	Plaaslike Bestuur Verdere Wysigings.....	11
4	Plaaslike Bestuur Wysigings	4
8	Toeëienings (1935-1936).....	8
1	Toeëienings (Deel 1935-1936).....	1
11	Wild.....	17
12	Winkelure Wysigings.....	32

'N ORDONNANSIEOrd. No. 1
van 1935.

Tot aanwending van 'n som van hoogstens £960,000 op Rekening vir die dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1936.

(Goedgekeur 28 Maart 1935.)

(Datum van inwerkingtreding, 30 Maart 1935.)

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

1. Op en na die eerste dag van April 1935 mag uit die Provinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrek word, by mekaar geneem nie meer te bedra dan die som van nege honderd en sestig duisend pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie, vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1936, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëienings-ordonnansie.

£960,000 mag verstrek word uit die Provinsiale Inkomstefonds.

2. Alle somme wat uitgekeer word kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, sal aangemerkt word as voorskotte op rekening van toelae wat sal verleen word in 'n toeëienings-ordonnansie vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1936, en dadelik by die aanvang van sulke Toeëienings-ordonnansie sal hierdie Ordonnansie ophou van krag te wees, en uitkerings wat hieronder al gemaak is sal geag word uitkerings te wees gemaak kragtens die Toeëienings-ordonnansie en sal verantwoord word ooreenkomstig met die bepalinge daarvan; mits dat geen dienste waarop geen uitgawe gemaak was nie onder 'n behoorlike gemagtigde Toeëienings-ordonnansie gedurende die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1935, of waaroor geen wettige magtiging bestaan nie, sal geag word onder hierdie Ordonnansie gemagtig te wees.

Uitkerings onder hierdie Ordonnansie aangemerkt te word as voorlopige voorskotte.

3. Hierby word sodanige somme geld as wat nodig is, in totaal hoogstens negentig duisend pond, op die Weëfonds Rekening geboek tot tyd en wyl die Raad daarvoor voorsiening maak in 'n Toeëienings-ordonnansie.

£90,000 kan van Weëfonds uitgerek word.

4. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Toeëienings (Deel 1935-1936) Ordonnansie, 1935.

Kort titel.

Ord. No. 2
van 1935.

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere som geld van hoogstens £57,407 vir die diens van die Provinsie Transvaal vir die tydperk van die 1ste dag van April 1934 tot die 31ste dag van Maart 1935.

(Goedgekeur 28 Maart 1935.)

(Datum van inwerkingtreding, 30 Maart 1935.)

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

1. Die Provinsiale Inkomstefonds van Transvaal word hierby belas vir die dienste van die genoemde Provinsie, vir die tydperk van die 1ste dag van April 1934 tot die 31ste Maart 1935, albei dae inbegrepe, met 'n verdere som van hoogstens sewe-en-vyftig duisend vier honderd en sewe pond bowe die somme waarin voorsien is deur die Toeëienings (1934-1935) Ordonnansie, 1934.

Provin-
siale
Inkomste-
fonds
belas met
£57,407.

2. Die geld deur hierdie Ordonnansie toegestaan sal aangewend word vir die doeleindes en vir die dienste wat genoem is in die skedule wat hierby gevoeg is, in ooreenstemming met die poste en subhoofde, besonderlik uiteengesit en genoem in die Begroting van Addisionele Toeëiening vir die genoemde tydperk, soas deur die Provinsiale Raad goedgekeur.

Hoe geld
sal
aangewend
word.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Addisionele Toeëienings (1934-1935) Ordonnansie, 1935.

Kort
titel.

Skedule.

Nummer van Pos.	Diens.	Bedrag. £
1	Algemene Administrasie	6,299
2	Onderwys	10,210
3	Hospitale en Liefdadige Instellings	98
4	Weë, Brûe en Plaaslike Werke	38,000
5	Diverse Dienste	2,800
		<u>£57,407</u>

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 3
van 1935.

Tot aanwending van 'n verdere som geld vir die Dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar geëindig 31 Maart 1933, tot dekking van sekere Nie-Gemagtigde Uitgawe.

(Goedgekeur 28 Maart 1935.)

(Datum van inwerkingtreding, 10 April 1935.)

(Afrikanse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

1. Die Provinsiale Inkomstefonds word hierby belas met die som van tienduisead drie-honderd agt-en-sestig pond vyf sjielings en tien pennies tot dekking van sekere uitgawe buite en behalwe die bedrae toegeëin vir die Dienste van die Provinsie vir die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1933. Bedoelde uitgawe is vermeld in die Skedule by hierdie Ordonnansie en is meer in besonder gespesifiseer op bladsy 30 van die Verslag van die Provinsiale Ouditeur van Rekeninge vir die jaar 1932-33 en in die Verslag van die Gekose Komitee oor Publieke Rekeninge No. T.P.G.K. 1 van 1934.

Provinsiale
Inkomste-
fonds belas
met
£10,368
5s. 10d.

2. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Nie-Gemagtigde Uitgawe (1932-1933) Ordonnansie, 1935.

Kort titel.

Skedule.

Nommer van Pos.	Diens.	Bedrag.	
		£	s. d.
4	Paaie, Brûe en Plaaslike Werke.....	10,368	5 10

Ord. No. 4
van 1935.

'N ORDONNANSIE

Om die „Plaaslike Bestuur Ordonnansie”, 1926, in sekere opsigte te wysig.

(Goedgekeur 16 April 1935.)

(Datum van inwerktrading, 8 Mei 1935.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg BEPAAL:—

Wysiging
van
Artikel 2
van die
hoofwet.

1. Artikel *twee* van die „Plaaslike Bestuur Ordonnansie”, 1926 (hierna die hoofwet genoem) word hierby gewysig deur die woordomskrywing van „publieke voertuig” te skrap en dit deur onderstaande nuwe woordomskrywing te vervang:—

„, publieke voertuig” insluit ’n huur-rytuig, kar, bus, riksja, trollie, lorrie, motorvoertuig en alle ander voertuie wat op ’n publieke plek binne die munisipaliteit te huur staan of vir verhuur heen en weer ry of gebruik word of vir die vervoer van passasiers of goedere of albei bestem is teen huur-geld of beloning”.

Wysiging
van
Hoofstuk
IV van die
hoofwet.

2. Hoofstuk IV van die „Plaaslike Bestuur Ordonnansie”, 1926, word hierby gewysig deur onmiddellik na artikel *vyf-en-veertig* onderstaande nuwe artikel in te voeg:

„, Van iedere amptenaar aan wie die Raad die hantering van geld of goedere toevertrou, moet hulle tot eie bevrediging, sekuriteit eis, en kan die Raad na goedvinde ’n redelike premie op ’n polis teen oneerlikheid uit hulle fondse betaal.”

Wysiging
van
Artikel 79
(1) van die
hoofwet.

3. Artikel *nege-en-sewentig* van die „Plaaslike Bestuur Ordonnansie”, 1926, word hierby gewysig deur onderstaande nuwe paragraaf (b) aan subartikel (1) daarvan toe te voeg; genoemde subartikel soos oorspronklik in die Ordonnansie opgeneem word dan paragraaf (a) daarvan:—

„, (b) duikweë of oorbrugge maak, bou, verander, skoon en in goeie orde hou en pad- en straathellings, wat kragtens artikel *twee-en-sestig* onder toesig van die Raad val, verander.”

4. Artikel *tagtig* van die hoofwet word hierby as volg gewysig:—

Wysiging
van
Artikel 80
van die
hoofwet.

Ord. No. 4
vad 1935.

(1) Deur onderstaande nuwe paragraaf (b) aan subartikel (24) toe te voeg; genoemde subartikel soos oorspronklik in die Ordonnansie opgeneem word dan paragraaf (a) daarvan:—

„ (b) om die lewering van melk te verbied behalwe vanuit sekere bepaalde persele.”

(2) Deur onderstaande nuwe paragraaf (b) aan subartikel (26) toe te voeg; genoemde subartikel soos oorspronklik in die Ordonnansie opgeneem word dan paragraaf (a) daarvan:—

„ (b) om naturelle-klubs buite naturelle-lokasies of soortgelyke vereniginge, inrigtinge of liggame te verbied, te reguleer, te lisenasier, te inspekteer en daarop toesig uit te oefen.”

5. Artikel *drie-en-tagtig* van die hoofwet soos gewysig by artikel *sewe* van Ordonnansie No. 4 van 1929, word hierby gewysig deur subartikel (4) daarvan te skrap en dit deur onderstaande nuwe subartikel te vervang:—

Wysiging
van
artikel 83
van die
hoofwet.

„ (4) Die Raad kan geldelike voorskotte toeken aan 'n grondeienaar of aan 'n verbruiker van elektriese krag binne of buite die munisipaliteit met die doel hom in staat te stel of behulpzaam te wees by die installasie van gewone draadaanleg, elektriese of gasmonteringe en artikels in of op sy perseel, met dien verstande dat geen enkel voorskot kragtens hierdie bepaling meer as honderd pond (£100) mag bedra nie sonder die toestemming van die Administrateur; sodanige bedrag moet die koste van aansluiting op die hoofleidings van die Raad en alle onkoste in verband daarmee insluit. Die bepalinge van subartikels (2) tot (5) van artikel *honderd sewe-en-sestig* hiervan is *mutatis mutandis* van toepassing op voorskotte kragtens hierdie subartikel toegeken, met dien verstande dat die bepalinge van subartikel (3) van genoemde artikel nie van toepassing is in die geval van 'n verbruiker wat

Ord. No. 4
van 1935.

geen eenaar is nie van die grond of perseel ten opsigte waarvan 'n voorskot toegeken was."

Herroeping van artikel 166 van die hoofwet en vervanging deur nuwe artikel.

6. Artikel *honderd ses-en-sestig* van die hoofwet word hierby herroep en deur onderstaande nuwe artikel vervang:—

„166. (a) Die Raad kan die gebruikers van die afvoergeleidings of rioleringswerke in verskillende klasse verdeel en die koste ten opsigte van sodanige gebruikers of klasse gebruikers, by wet bepaal en verskillende tariewe vir elke klas vasstel. Sodanige koste moet vir alle doeleindes geag word as koste in verband met saniteitsdienste en is ooreenkomstig die bepalings van artikels *ag-en-veertig* en *nege-en-veertig* invorderbaar.

(b) Waar 'n erf, standplaas of perseel of ander terrein met of sonder verbeterings aangesluit is, of volgens die mening van die Raad aangesluit kan word op 'n afvoergeleiding of riool en rioleringswerke wat deur die Raad aangelê is, word die eenaar van so 'n erf, standplaas, of perseel of ander terrein geag as 'n gebruiker en kan hom sodanige bedrae in verband met genoemde afvoergeleiding of riool ten koste gelê word as kragtens paragraaf (a) van hierdie subartikel deur die Raad vasgestel word."

Wysiging van artikel 168 van die hoofwet.
Kort Tite.

7. Artikel *honderd ag-en-sestig* van die hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (c) daarvan te skrap.

8. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die „Plaaslike Bestuur Wysigingsordonnansie", 1935.

Ord. No. 5
van 1935.

'N ORDONNANSIE

Om die Perdewedrenne en Weddensappe Wysigings Ordonnansie 1933 te herroep.

(Goedgekeur 11 Junie 1935.)

(Datum van inwerktrading, 24 Julie 1935.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg BEPAAL:—

Herroeping van Ordonnansie No. 16 van 1933.

1. Die Perdewedrenne en Weddensappe Wysigingsordonnansie, No. 16 van 1933, is en word hierby herroep.

2. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doel-
eindes aangehaal word as die Perdewedrenne
en Weddensappe Wysigingsordonnansie,
1935.

Kort
titel.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 6
van 1935.

Om die Hoofrifpad-Ordonnansie 1928, in sekere
opsigte te wysig.

(Goedgekeur 3 Julie 1935.)

(Datum van inwerktrading, 7 Augustus 1935.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Trans-
vaal as volg **BEPAAL** :—

1. Subartikel (2) van artikel *agt* van die
Hoofrifpad-Ordonnansie, 1928, word hierby
gewysig deur die woorde „ inkomste ontvang ”
te skrap en hulle deur die woorde „ inkomste
ontvangbaar ” te vervang.

Wysiging
van
Artikel 8
van Ordon-
nansie
No. 17 van
1928

2. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word
as die Hoofrifpad-Wysigingsordonnansie,
1935.

Kort
Titel.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 7
van 1935.

Om 'n Vermindering van sekere Lisensiegelde kragtens
die Drankwet 1928, te reël.

(Goedgekeur 15 Julie 1935.)

(Datum van inwerktrading, 1 Januarie 1936.)*

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Trans-
vaal as volg **BEPAAL** :—

1. In gevalle waar 'n Lisensieraad 'n ver-
lenging van die verkoopsure in 'n gesondheids-
of ontspanningsoord kragtens die voorwaardes
van die tweede voorbehoudsbepaling van sub-
artikel (7) van artikel *vyf-en-sewentig* van
die Drankwet (No. 30 van 1928) soos gewysig
by Wet No. 41 van 1934, magtig, sal die ver-
meerdering van die bedrag van die lisensie-
geld, uit hoofde van 'n verlenging soos in
subartikel (7) van artikel *vyf-en-sewentig* van

Verminde-
ring van
sekere
dranklisen-
siegelde
waar ver-
koopsure
verleng is.

* Artikel *twee*.

Ord. No. 7
van 1925.

—
Artikel 1.

die Wet voorgeskryf en bereken, een-
twintigste in plaas van een-tiende wees; met
dien verstande dat waar die bedrag van die
jaarlikse lisensie kragtens die bepalings van
subartikel (3) van artikel *twaalf* van die Wet
verminder word, die vermeerdering van een-
twintigste op die volle jaarlikse lisensiegeld
voorgeskryf in die Derde Bylae van die Wet,
bereken moet word.

Datum van
inwerktre-
ding.

2. Die bepalinge van hierdie Ordonnansie
tree in werking op die eerste dag van Januarie
Eenduisend Negehonderd Ses-en-dertig.

Kort titel.

3. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word
as die Dranklisensiesordonnansie 1935.

Ord. No. 8
van 1935.

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n som van hoogstens £5,770,013 vir
die diens van die Provinsie Transvaal en 'n bedrag
£390,000 nie te bowegaande op die Weëfondsrekening
gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van
Maart 1936.

(Goedgekeur 29 Julie 1935.)

(Datum van inwerktrading, 21 Augustus 1935.)

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal
geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Trans-
vaal as volg BEPAAL:—

Provinsiale
Inkomste-
fonds belas
met
£5,770,013.

1. Die Provinsiale Inkomstefonds word
hierby belas met sulke geldsomme as mag
nodig wees vir die diens van die Provinsie
gedurende die jaar wat eindig op die 31ste
dag van Maart 1936, in die geheel die som

van vyfmiljoen sewehonderd-en-sewentig
duisend-en-dertien pond nie te bowegaande, as
volg:—

**Ord. No. 8
van 1935.**

Artikel 1.

Vir bestryding van gewone of
wederkerende uitgawe £5,161,738

Vir bestryding van kapitaal of
onwederkerende uitgawe 608,275

2. Die geld deur hierdie Ordonnansie toe- Aanwen-
ding van
gelde.
geëien sal aangewend word vir die dienste wat
omskryf is in bygevoegde skedule en meer in
die besonder gespesifiseer in die Begroting van
Uitgawe (Nos. T.P. 2 en 3 van 1935) soas deur
die Provinsiale Raad goedgekeur en onder-
werp aan artikel *drie* hiervan en vir geen
ander doel nie.

3. Met die goedkeuring van die Admini- Admini-
strateur mag
wysigings
magtig.
strateur, wat handel met die toestemming van
die Uitvoerende Komitee, kan 'n besparing op
enige subhoof van 'n pos aangewend word tot
dekking van meerdere uitgawe onder enige
ander subhoof van uitgawe onder 'n nuwe
subhoof van dieselfde pos mits dat geen meer-
dere uitgawe sal gemaak word op die somme
wat voorkom in kolom 2 van bygevoegde
skedule nie, ewenmin sal besparings daarop
beskikbaar wees vir enige doel ander as daardie
waarvoor die geld hierby toegestaan word.

4. Die Weëfondsrekening word hierby belas Weëfonds-
rekening
belas met
£390,000.
met sulke geldsomme as mag nodig wees
vir die finansiële jaar wat eindig op die 31ste
dag van Maart 1936, in die geheel die sora
van driehonderd-en-negentigduisend pond nie
te bowegaande nie.

5. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doel- Kort titel.
eindes aangehaal word as die Toeëienings-
(1935-1936) Ordonnansie, 1935.

Ord. No. 8
van 1935.

Skedule.

No. van Pos.	Diens.	Kolom 1.	Kolom 2.
		£	£
1	Algemene Administrasie.....	111,600	—
2	Onderwys.....	3,199,290	—
	Insluitende :—		
	Toelae aan Tandartskliniek, Johannesburg.....	—	1,000
	Toelae aan Tandartskliniek, Pretoria.....	—	600
	Toelae aan Bilharzia-komitee..	—	250
	Toelaes aan Ondersteunde Plaas- skole.....	—	3,460
	Toelaes aan Privaat Skole....	—	4,337
	Toelaes vir Onderwys van Kin- ders van Kleurlinge en Asiata Onderwys van Naturellekinders (Subhoof K. 1-17).....	—	125,725
	Toelae aan Isipingo-strand Her- stellingstehuis.....	—	500
	Toelae aan Junior Rooikruis- Vereniging.....	—	50
3	Hospitale en Liefdadigheidsinstellings	530,361	—
	Insluitende die volgende Toelaes :—		
	Hospitale wat onder die be- palinge van die Publieke Hospitale Ordonnansie, 1928, val.....	—	408,052
	Hospitale wat nie onder die bepalinge van die Publieke Hospitale Ordonnansie, 1928, val nie.....	—	10,305
	Liefdadigheidsinstellings.....	—	33,592
4	Paaie, Brûe en Plaaslike Werke....	865,989	—
	Insluitende :—		
	Toelaes aan Plaaslike Besture..	—	730
	Betalings aan Weëfonds.....	—	390,000
5	Diverse Dienste.....	8,155	—
	Insluitende die volgende Toelaes :—		
	Publieke Biblioteke.....	—	2,000
	Raad van Kuratore vir Warm- badplase.....	—	2,050
	Nasionale Park.....	—	3,000
	Hengelaarsverenigings.....	—	30
	Dorpsaanleg-vereniging.....	—	25
6	Rente en Aflossing.....	446,343	—
7	Kapitaaluitgawe.....	608,275	—
	Insluitende :—		
	Toelae aan Raad van Kuratore vir Warmbadplase.....	—	275
		£ 5,770,013	
	Weëfondsrekening.....£	390,000	

'N ORDONNANSIE

Om die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926, verder in sekere opsigte te wysig.

Ord. No. 9
van 1935.

(Goedgekeur 20 Augustus 1935.)

(Datum van inwerktrading, 4 September 1935.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

1. Subartikel (2) van artikel *nege-en-dertig* Wysiging van artikel 39 van hoofwet. van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926 (hierna die hoofwet genoem), word hierby gewysig deur na die woord „aandeelhouer” die woorde „wat hoogstens vyftig persent van die aandeelhouer” in te voeg.

2. Artikel *veertig* van die hoofwet word hierby as volg gewysig:—

(a) Deur na die woord „aandeelhouer” in subartikel (3) die woorde „wat hoogstens vyftig persent van die aandeelhouer” in te voeg;

(b) deur na die woord „aandeelhouer” in subartikel (5) die woorde „wat hoogstens vyftig persent van die aandeelhouer” in te voeg.

3. Artikel *nege-en-veertig* van die hoofwet word hierby as volg gewysig:—

(a) Deur na die woord „eiendom” waar dit vir die eerste maal in genoemde artikel voorkom die woorde „of van enige belang in grond soos omskryf in die Plaaslike-Bestuur-Belastingsordonnansie, 1933” in te voeg, en deur oral na die woord „eiendom”, waar dit later in genoemde artikel voorkom, die woorde „of belang in grond” in te voeg;

(b) deur in subparagraaf (b) van die artikel die woord „belastings” te skrap en dit te vervang deur die woorde „heffings of belastings”.

(c) deur in subparagraaf (b) die woorde „die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie 1912 of enige wysiging daarvan, of aan erfbelasting” te skrap en dit te vervang deur die woorde „die Plaaslike-Bestuur-Belastingsordonnansie 1933 of enige wysiging daarvan of enige vorige Ordonnansie, of ten opsigte van erfbelasting”.

Ord. No. 9
van 1935.

Wysiging
van artikel
51 van
hoofwet.

4. Artikel *een-en-vyftig* van die hoofwet word hierby gewysig deur die volgende nuwe subartikel daaraan toe te voeg:—

(10) Onderworpe aan die bepaling van hierdie artikel en met inagneming van enige voorkeursregte wat daar ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie subartikel bestaan, het geen waarborg vir lenings deur 'n plaaslike bestuur ingevolge hierdie Ordonnansie of 'n ander wet aangegaan, enige voorkeur bo 'n ander nie.

Wysiging
van artikel
80 van
hoofwet.

5. Paragraaf (a) van subartikel (75) van artikel *tagtig* van die hoofwet, soos gewysig deur Ordonnansie No. 10 van 1934, word hierby gewysig deur invoeging na die woorde „ of in te trek ” van onderstaande woorde:—

„ en te bepaal dat dit vir enige passasier in 'n publieke voertuig 'n oortreding is as hy versuim of weier die wettige vraggeld te betaal wanneer gevorder, of 'n sodanige voertuig opsetlik of agtelosig beskadig.”

Wysiging
van artikel
158 van
hoofwet.

6. Artikel *honderd ag-en-vyftig* van die hoofwet word hierby gewysig deur die volgende nuwe subartikels daaraan toe te voeg; die genoemde artikel, soos oorspronklik verorden, word subartikel (1):—

„ (2) Met die toestemming van die Administrateur kan die Raad 'n skriftelike kontrak met die Raad van enige ander munisipaliteit of munisipaliteite aangaan om in sy riele die rioolstof van sodanige munisipaliteit of munisipaliteite te ontvang en daaroor te beskik by enige uitvalplaas of rioolstofdeponeringswerke deur die Raad opgerig op sulke voorwaardes as wat kragtens sodanige kontrak aangeneem is, en kan al sulke werk onderneem en al sulke dinge doen as wat nodig is vir die behoorlike uitvoering van bedoelde kontrak.

(3) Met die toestemming van die Administrateur kan twee of meer Rade, op sulke voorwaardes as wat hulle kragtens 'n skriftelike kontrak aangeneem het, gesamentlik riolerings- of dreineringswerke binne of buite die regsgebied van sodanige munisipale rade oprig, bou, uitrus en uitvoer, en kan ooreenkomstig die be-

palings van artikel *honderd een-en-sestig* gesamentlik enige uitvalplaas of rioolstofdeponeringswerke wat nodig of wenslik mag wees vir die vereistes van genoemde munisipaliteite, oprig, in stand en in werking hou.

**Ord. No. 9
van 1935.**

Artikel 6.

(4) Ingeval 'n Raad 'n kontrak aangaan van die aard bedoel in subartikel (3) hiervan word en is sodanige Raad hierby gemagtig om:—

(a) Nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie Ordonnansie:—

(i) By ooreenkoms met die ander Kontrakterende Raad of Rade 'n gesamentlike komitee te benoem bestaande uit lede van die onderskeie Kontrakterende Rade om die getal van sodanige gesamentlike Komitee vas te stel, asook wat die kworum daarvan moet wees.

(ii) Uit sy eie lede verteenwoordigers op voormelde gesamentlike komitee te kies.

(iii) By ooreenkoms met die ander Kontrakterende Raad of Rade voorsiening te maak vir die benoeming van 'n voorsitter van voormelde gesamentlike komitee wat nie noodwendig 'n lid van enige van die Kontrakterende Rade behoef te wees nie, om die wyse van benoeming van sodanige voorsitter vas te stel en om te bepaal of sodanige voorsitter al dan nie geregtig sal wees om te stem en/of 'n beslissende stem uit te bring.

(iv) Sy bevoegdhede om voormelde riolerings- of dreineringswerke op te rig, te bou, uit te rus, uit te voer en in stand te hou en om voormelde uitvalplaas of rioolstofdepone-

Ord. No. 9
van 1939.

—
Artikel 6.

ringswerke op te rig, in stand en in werking te hou aan sodanige gesamentlike komitee oor te dra, onder voorbehoud egter dat geen uitgawe deur so 'n gesamentlike komitee aangegaan mag word tensy voorsiening daarvoor gemaak en 'n uitvoerige begroting aan die finansiële komitee van elke Raad wat op so 'n gesamentlike komitee verteenwoordig is, voorgelê en deur so 'n Raad goedgekeur is.

- (b) Nieteenstaande andersluidende bepalings in die Plaaslike Bestuur - Belastingsordonnansie 1933 of enige wysiging daarvan, geheel of gedeeltelik enige belasting of belastings kwyt te skel wat verskuldig mag wees of te eniger tyd mag word deur enige ander Raad ten aansien van enige belang in grond (soos in genoemde Ordonnansie omskryf) wat aan sodanige ander Raad behoort of deur hom gehou word in of in verband met enige riolerings- of dreineringswerke of uitvalplaas of rioolstofdeponeringswerke wat gesamentlik, soos voornoem, beheer word.
- (5) Die bepalings van artikel *honderd nege-en-vyftig* tot en met *honderd ag-en-sestig* is *mutatis mutandis* van toepassing in gevalle waar enigiets gedoen word of bestem is om gedoen te word of waar enige werk uitgevoer word of bestem is om uitgevoer te word ingevolge die bepalings van subartikels (2) en (3) van hierdie artikel. Geeneen van die betrokke Rade of iemand anders is aanspreeklik vir enige hindernis of skade wat die onvermydelike gevolg is van die behoorlike en gewone werking van enige uitvalplaas of rioolstofdeponeringswerke wat opgerig is, of in stand of in werking gehou word ten einde uitvoering te gee aan enige kontrakte genoem in voormelde subartikels. Enige kennisgewing wat

dit van die Raad vereis word om ingevolge die genoemde subartikels te gee, moet 'n gesamentlike kennisgewing van die betrokke Rade wees. Enige kennisgewing wat op die Stadsklerk gedien moet word, moet gedien word op die Stadsklerk van elk van die betrokke Rade en enige toestemming wat dit vir enigeen nodig is om ingevolge die bepalings van artikel *honderd vyf-en-sestig* te verkry moet die toestemming van elk van die betrokke Rade wees."

Ord. No. 9
van 1935.

—
Artikel 6.

7. Paragraaf (a) van artikel *honderd nege-en-vyftig* van die hoofwet word hierby gewysig deur na die woorde „ of enige gedeelte daarvan ” die volgende woorde in te voeg:—
„ of vir die doeltreffende uitvoering van enige kontrak wat aangegaan is ingevolge die bepalings van subartikel (2) of subartikel (3) van artikel *honderd ag-en-vyftig*.”

Wysiging
van artikel
159 van
hoofwet.

8. Artikel *honderd-en-sestig* van die hoofwet word hierby gewysig deur die gemelde artikel subartikel (1) te maak en die volgende subartikel by te voeg:—

Wysiging
van artikel
160 van
hoofwet.

„ (2) Wanneer riolerings- of dreineringswerke gesamentlik deur twee of meer Rade ingevolge die bepalings van subartikel (3) van artikel *honderd ag-en-vyftig* uitgevoer word, moet die kontrak tussen die betrokke Rade vermeld op watter Raad of Rade die eiendom of enige gedeelte daarvan bedoel in subartikel (1) van hierdie artikel oorgaan, en sodanige eiendom gaan dan dienoooreenkomstig oor en die regte verleen aan die Raad kragtens hierdie artikel moet deur die gemelde Rade gesamentlik uitgeoefen word.”

9. Artikel *honderd een-en-sestig* van die hoofwet word hierby gewysig deur na die woorde „ vir die vereistes van die munisipaliteit ” die volgende woorde in te voeg:—

Wysiging
van artik
161 van
hoofwet

„ of wat nodig of wenslik mag wees vir die uitvoering van enige kontrak wat aangegaan is ingevolge die bepalings van subartikel (2) of subartikel (3) van artikel *honderd ag-en-vyftig* ”.

Ord. No. 9 Wysiging
van 1935. 4 van
hoofwet.

10. Die *vierde* bylae van die hoofwet word hierby gewysig deur na die woord „eigendom” waar dit daarin voorkom die woorde „of belang in grond” in te voeg.

Kort
titel.

11. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Plaaslike Bestuur Verdere Wysigingsordonnansie, 1935.

Ord. No.
10 van
1935.

'N ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir sekere reëlings ten opsigte van Onderwyserspensioene.

(Goedgekeur 20 Augustus 1935.)

(Datum van inwerkingtreding, 18 September 1935.)

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg BEPAAL:—

Berekening van pensioen moet deur algemene salarisvermindering beïnvloed word nie.

1. Ongeag die algemene salarisvermindering van onderwysers bewerkstellig deur die Administrateur vir die tydperk 1 Januarie 1932 tot 31 Desember 1934, moet die pensioen, gratifikasie of ander aftredingsvoordele betaalbaar aan onderwysers bereken en betaal word asof so'n salarisvermindering nie plaasgevind het nie.

Bydraes deur onderwysers aan pensioenfonds verskuldig moet nie deur algemene salarisvermindering beïnvloed word nie.

2. Die verskil tussen die bedrag wat deur 'n onderwyser tot die Transvaalse Onderwyserspensioenfonds of Onderwysersvoorsieningsfonds gedurende die tydperk 1 Januarie 1932 tot 31 Desember 1934 bygedra is of bygedra moes word, en die bedrag wat hy aan so'n fonds sou moes bydra as sy salaris gedurende so'n tydperk kragtens die algemene vermindering vermeld in artikel *een* hiervan nie verminder was nie, moet deur so'n onderwyser in so'n fonds gestort word.

Bedrag betaalbaar aan fonds kom ten laste van onderwyser-salaris, ens.

3. Die bedrag wat deur 'n onderwyser kragtens artikel *twee* van hierdie Ordonnansie betaalbaar is, kom ten laste van sy salaris of, waar so'n onderwyser nie meer in diens is nie, dan ten laste van 'n pensioen, gratifikasie of ander aftredingsvoordele aan hom of sy, afhanklikes verskuldig, en moet van sy salaris of van so'n pensioen, gratifikasie of ander aftredingsvoordele, na gelang van die geval,

afgetrek word en op so'n manier en sodanige tye in die betrokke fonds gestort word as die Administrateur in elke geval gelas.

Ord. No.
10 van
1935.

Artikel 3.

4. Hierdie Ordonnansie kan as die Onder- Kort titel.
wyserspensioene - Bydrae - Reëlings - Ordonnansie, 1935, aangehaal word.

N. ORDONNANSIE

Ord. No.
11 van
1935.

Om die wette met betrekking tot beskerming van Wild en van sekere ander Wilde Diere te konsolideer en te wysig.

(Goedgekeur 14 Oktober 1935.)

(Datum van inwerkingtreding, 15 November 1935.)*

(Afrikaanse kopie geteken deur Amptenaar Belas met Uitvoerende Gesag.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

1. Tensy klaarblyklik 'n ander betekenis Definisies. aan die woorde geheg moet word, beteken in hierdie Ordonnansie en in die regulasies ingevolge daarvan opgestel:—

- „ Administrateur ”, die amptenaar benoem kragtens artikel *agt-en-sestig* van die Suid-Afrika-Wet 1909, handelende op gesag van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie;
- „ uitheemse wild ”, alle uitheemse voëls of ander diere wat gewoonlik as wild gerangskik word in die land waar die diere hulle natuurlike tuiste het, of waar hulle in aansienlike aantalle in 'n wilde toestand aangetref word; met dien verstande dat wanneer daar by die toepassing van die bepaling van hierdie Ordonnansie verskil van mening is omtrent die vraag of 'n soort uitheemse voël of ander dier uitheemse wild is of nie, 'n sertifikaat namens of op gesag van die Administrateur uitgereik, waarin verklaar word dat so'n voël of ander dier uitheemse wild is, afdoende bewys sal wees dat so'n voël of ander dier inderdaad uitheemse wild is;

* Proklamasie No. 123, *Provinsiale Koerant* van 6 November 1935, bladsy 190.

Ord. No.
11 van
1935.

—
Artikel 1.

- „ wild ”, alle voëls of ander diere (hetsy lewend of dood) inbegrepe in die Eerste Skedule van hierdie Ordonnansie;
- „ biltong ” wildvleis wat gedroog is vir preservasie doeleindes;
- „ *Offisiële Koerant* ”, die *Provinsiale Offisiële Koerant* van Transvaal;
- „ jag ”, doodmaak, skiet, vang of probeer vang, agtervolg of soek, of voorlê met die bedoeling om dood te maak, te skiet of te vang of opsetlik te stoor;
- „ onbeskermd wild ” enige soort wild of een van beide geslagte van enige soort wild wat ingevolge paragraaf (c) van artikel twee tot onbeskermd wild geproklameer is;
- „ eienaar ”, met betrekking tot grond, die persoon wat as die eienaar van sodanige grond in die kantoor van aktes geregistreer is, of die *bona fide* koper van sodanige grond voor registrasie van transport op sy naam, of die wettige erfgenaam van die eienaar by sy dood, of indien bedoelde grond onderworpe is aan 'n vruggebruik, die vruggebruiker daarvan; of indien bedoelde grond aan die Staat behoort en bewoon word deur 'n persoon wat dit van die Staat gekoop het maar aan wie dit nog nie getransporeer is nie, dan so'n bewoner;
- „ beskermd voël of ander dier ”, alle voëls of ander diere inbegrepe in die Tweede Skedule van hierdie Ordonnansie;
- „ beskermd wild ”, alle wild wat nie onbeskermd wild is nie;
- „ verkoop ”, verkoop, verhandel, aanbied of vertoon vir verkoop;
- „ jagregte ”, met betrekking tot 'n persoon en grond, die uitsluitende reg van so'n persoon om, hetsy alleen of gesamentlik met iemand anders, op bedoelde grond enige onbeskermd wild of enige wild, vir die jag waarvan 'n permit kragtens hierdie Ordonnansie uitgereik is, te jag.

Bevoegd-
hede van
Adminis-
trateur.

2. Die Administrateur kan van tyd tot tyd by Proklamasie in die *Offisiële Koerant*—

- (a) in die Eerste Skedule van hierdie Ordonnansie die naam van enige soort wilde voël of ander wilde dier opneem of skrap (behalwe 'n beskermd voël of ander dier);

- (b) in die Tweede Skedule van hierdie Ordonnansie die naam van enige soort wilde voël of ander wilde dier (wat geen wild is nie), wat volgens mening van die Administrateur op grond van sy algemene nuttigheid of om ander redes beskerm behoort te word, opneem; of enige naam daarin skrap; met dien verstande dat die Administrateur by die opneming van die naam van 'n soort voël of ander dier in genoemde skedule, die beskerming aldus verleen, tot 'n bepaalde streek of tot 'n bepaalde tydperk of tot 'n bepaalde tyd in elk jaar, kan beperk;
- (c) enige soort wild, of een van beide geslagte van enige soort wild, in enige streek en gedurende 'n tydperk van die jaar in so'n proklamasie genoem, tot onbeskermd wild verklaar;
- (d) enige streek in so'n proklamasie omskryf, tot 'n wildpark verklaar gedurende 'n tydperk in so'n proklamasie genoem of totdat bedoelde proklamasie herroep word.

3. Die Administrateur kan van tyd tot tyd ^{Bevoegdheid van Administrateur om regulasies te maak.} regulasies maak, wat nie in stryd is met die bepalinge van hierdie Ordonnansie nie, ^{Administrateur om regulasies te maak.} waarby—

- (a) die jag van wild met honde, of die opdrywing van wild deur middel van grasbrande of drywers verbied of gereguleer word;
- (b) die neem, verstoring, vernietiging, aankoop of verkoop van die eiers van wildsvoëls verbied of gereguleer word;
- (c) die uitvoer uit die Provinsie van wild of van die vleis, horings, slagtaande, velle of huide of enige ander gedeelte van die karkas van wild verbied of gereguleer word;
- (d) alle skadelike wilde diere tot ongedierte verklaar en die vernietiging van ongedierte en die betaling van belonings vir sodanige vernietiging gereguleer word;
- (e) toegang tot en verkeer deur 'n wildpark, ingestel kragtens paragraaf (d) van artikel twee verbied of gereguleer word;
- (f) die gelde vasgestel word wat vir lisensies of permitte kragtens hierdie Ordonnansie uitgereik, betaal moet word;

**Ord. No.
11 van
1935.**

—
Artikel 2.

Ord. No.
11 van
1935.

—
Artikel 3.

- (g) die voorwaardes voorgeskryf word waarop lisensies en permitte in hierdie Ordonnansie genoem, uitgereik moet word; die omstandighede waaronder sulke permitte uitgereik mag word; die vereistes waaraan besitters van bedoelde lisensies of permitte moet voldoen; en die vorm vir sulke lisensies en permitte;
- (h) die invoer in hierdie Provinsie van wild, of van die vleis, horings, slag-tande, of huide of ander gedeeltes van die karkas van wild gereguleer word.

(2) 'n Ieder, wat enige van die regulasies aldus gemaak oortree of versuim daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond.

(3) Enige regulasie opgestel volgens die wette wat in artikel *veertien* herroep word waarvan die bepalings in 'n regulasie ingevolge subartikel (1) opgestel, inbegrepe kon word, moet beskou word as ingevolge daardie sub-artikel gemaak.

Ontwettige
jag.

4. (1) Onderworpe aan die bepalings van artikels *vyf*, *ses* en *nege*, mag niemand wild op enige grond jag nie, tensy—

- (a) bedoelde wild onbeskermd wild is, of hom 'n permit ingevolge subartikel (2) van artikel *agt* verleen is om bedoelde wild te jag; en
- (b) hy die jagregte oor bedoelde grond besit, of vergunning van die besitter van sulke regte verkry het om bedoelde wild op sulke grond te jag.

(2) 'n Ieder wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete—

- (a) van hoogstens honderd pond, indien die oortreding begaan was deur te jag op beskermd wild op grond waaroor die oortreder nie die jagregte ten tyde van die begaan van die oortreding besit het nie; of
- (b) van hoogstens vyftig pond, indien die oortreding op 'n ander wyse begaan is.

(3) Niemand mag uitheemse wild jag op grond, tensy hy die eienaar daarvan is en bedoelde uitheemse wild daarop geteel is, of tensy hy die eienaar van bedoelde uitheemse wild of van die diere waarvan sodanige wild geteel is, is of te eniger tyd was en hy sy regte

daarin nie vervreem het nie, of tensy hy van die een of die ander van voormelde eienaars vergunning verkry het om bedoelde uitheemse wild te jag.

Ord. No.
11 van
1935.

—
Artikel 4.

(4) 'n Ieder wat subartikel (3) oortree, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond.

(5) Geen vergunning (behalwe dié deur iemand aan sy eggenoot of sy kind of klein-kind of aan die eggenoot van sy kind of klein-kind verleen) is geldig vir die doel van subartikels (1) en (3)—

(a) tensy dit in geskifte verleen is; of

(b) tensy dit uitgeoefen word in die teenwoordigheid van die persoon wat dit verleen het.

(6) Onderworpe aan die bepalings van artikel *nege*, mag niemand onbeskermd wild op grond jag waarvan hy of sy eggenote of sy ouer nie die eienaar is nie, tensy hy in besit is van 'n geldige jaglisensie, uitgereik kragtens subartikel (1) van artikel *agt*, en bowendien die jagregte oor sulke grond besit of vergunning het van die eienaar van bedoelde grond, of van diegene wat die jagregte daarvoor besit, om bedoelde wild te jag.

(7) 'n Ieder wat subartikel (6) oortree, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond.

(8) Onderworpe aan die bepalings van artikels *vyf*, *ses*, *nege* en *elf*, mag niemand gedurende die tydperk 'n halfuur na sons-ondergang op die een dag en 'n halfuur voor sonsopgang op die volgende dag op wild jag nie.

(9) 'n Ieder wat subartikel (8) oortree, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond en indien sodanige persoon 'n soeklig gebruik hetsy op 'n motorvoertuig of nie sal die boete honderd pond wees of drie maande gevangenisstraf met of sonder 'n boete.

5. (1) Niemand mag wild deur middel van strikke, valkuile, valle, slagysters, nette of ander toestelle vang nie, uitgesonderd kragtens en ooreenkomstig die skriftelike vergunning van die Administrateur, en op sulke voorwaardes as die Administrateur goed dink om op te lê.

Vang met
strik, ens.
van wild
verboed.

Ord. No.
11 van
1935.

—
Artikel 4.

(2) 'n Ieder wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree of versuim om aan 'n voorwaarde van bedoelde vergunning te voldoen of dit oortree, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond.

Verbod om
beskernde
voëls en
ander diere
of om in
wildparke
te jag.

6. (1) Niemand mag beskernde voëls of ander diere, of 'n voël of ander dier jag in 'n streek wat kragtens paragraaf (d) van artikel twee tot 'n wildpark verklaar is, uitgesonderd kragtens en ooreenkomstig die skriftelike vergunning van die Administrateur en op sulke voorwaardes as die Administrateur goed dink om op te lê.

(2) 'n Ieder wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree of versuim aan 'n voorwaarde van sulke vergunnings te voldoen of dit oortree, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond.

Verkoop
van wild.

7. (1) Niemand mag wild of die vleis van wild (hetsy vars of gedroog), of huide of velle van wild verkoop nie; met dien verstande dat die eienaar van grond wat ook die jagregte oor die grond besit, tarentale, of springbokke, blesbokke, of swartwildebeeste op sulke grond gejag, of die vars vleis van genoemde soorte wild, mag verkoop; en voorts met dien verstande dat 'n besitter van 'n wild-verkooplisensie al die genoemde soorte wild of die vars vleis daarvan in die winkel of op 'n mark, in sy lisensie genoem, mag verkoop.

(2) 'n Ieder wat subartikel (1) oortree is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond.

Lisensies en
permitte.

8. (1) Onderworpe aan die bepalings van hierdie Ordonnansie en die regulasies ingevolge daarvan afgekondig, moet Ontvangers van Inkomste aan iedereen wat daarom aansoek doen teen betaling van die voorgeskrewe tarief, kragtens paragraaf (f) van artikel drie—

(a) 'n jaglisensie uitreik, wat geldig is vir die tydperk daarin genoem;

(b) 'n wild-verkooplisensie uitreik, wat die besitter daarvan geregtig om in 'n winkel aan hom behorende en in so'n lisensie genoem, of op 'n mark in so'n lisensie genoem, en gedurende die tyd-

perk van een jaar daarin gespesifiseer, die wild en vars vleis van die wild, genoem in artikel *sewe*, te verkoop.

Ord. No.
11 van
1935.

Artikel 8.

(2) Die Administrateur of iemand deur hom gemagtig, kan te eniger tyd 'n permit uitreik, waarby die besitter van so 'n permit veroorloof word om op die wyse daarin voorgeskryf, die soorte, geslag en aantal van die wild in so'n permit genoem, op die grond insgelyks daarin genoem, te jag, maar onderworpe aan die bepalinge van hierdie Ordonnansie en aan sulke voorwaardes en vereistes as in so'n permit omskryf is.

(3) 'n Ieder wat 'n voorwaarde of vereiste, in so'n permit omskryf, oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond.

9. Nieteenstaande ander bepalinge in hierdie Ordonnansie vervat, is—

Vernietiging van wild wat beboude land beskadig.

(a) die eienaar van grond wat ook die jagregte daarvoor besit, en, met die vergunning van so 'n eienaar, sy eggenoot of kind, of die eggenoot van sy kind, geregtig om te eniger tyd op bedoelde grond sonder 'n jaglisensie of permit kragtens hierdie Ordonnansie te jag op swartwildebeeste, blesbokke of springbokke wat aan so'n eienaar behoort of te eniger tyd behoort het, of wat op bedoelde grond geteel is, of wat geteel is van diere wat aan so'n eienaar behoort of te eniger tyd behoort het en waarin hy sy regte nie vervreem het nie, asook blouwildebeeste, wildsvoëls en hase; en

(b) die eienaar, bewoner of bebouer van grond, geregtig om wild daarop te vernietig wat bome, plante, of staande gewasse beskadig.

10. (1) Indien iemand, terwyl hy in besit is van vuurwapens of 'n windroer, met opset te eniger tyd op grond oortree, dan is hy skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond.

Oortreding, vervoer van vuurwapens, vernietiging van honde.

(2) Indien iemand 'n vuurwapen (uitgesonderd in 'n stewig-vasgemaakte omhulsel of kas), in enige motorvoertuig per pad vervoer

Ord. No.
11 van
1935.

—
Artikel 10.

in 'n streek waar wild is of waarskynlik sal wees, en so iemand nie die eienaar of bewoner van sodanige grond is nie, of geen reg het om wild of ander diere daarop te jag nie, dan is hy skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond.

(3) Indien iemand, terwyl hy op grond oortree, besig is om wild te soek of te agtervolg, of in besit is van 'n vuurwapen, windroer of toestel om wild te vang, of vergesel is van 'n hond, dan kan 'n polisiebeampte of die eienaar of bewoner van sulke grond of die besitter van die jagregte oor sulke grond, of indien bedoelde grond kroongrond is, 'n magistraat of vrederegter of amptenaar in diens van die Staat wat hom in die uitvoering van sy diens op sulke grond bevind, van so'n persoon 'n opgawe eis van sy volle naam en verblyfplek, en kan hy hom beveel om die grond dadelik te verlaat, en indien so iemand versuim om onmiddellik aan so'n bevel of order te voldoen, of 'n vals of onvolledige naam of adres opgee, dan is hy skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond.

(4) Die eienaar of bewoner van grond waarop wild loop, of die besitter van die jagregte oor sulke grond, mag honde wat nie vir regmatige jag gebruik word nie en wat wild op sulke grond soek en agtervolg, vernietig.

Bewys.

11. (1) Wanneer iemand in besit is of was van enige wild, of die vleis, huid, vel of kop van wild, of 'n gedeelte van 'n huid, vel of kop van wild, of enige wild of gedeeltes van wild, soos voormeld, hanteer of gehanteer het en daar te eniger tyd 'n redelike verdenking bestaan dat bedoelde wild onregmatig gejaag is, dan is hy skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met dieselfde straf as dié waaraan hy blootgestel sou wees indien hy bedoelde wild sonder 'n lisensie of permit kragtens hierdie Ordonnansie gejaag het op grond waaroor hy geen jagregte het nie, tensy hy bewys—

- (a) dat bedoelde wild regmatig gejaag was; of
- (b) dat hy bedoelde wild nie doodgemaak of gevang het en geen deel geneem het in die doodmaak of vang van bedoelde wild.

(2) As iemand aangekla word weens die ver-
rigting van 'n daad wat kragtens hierdie
Ordonnansie 'n oortreding uitmaak indien dit
begaan word sonder 'n lisensie, permit of ver-
gunning, dan word dit beskou dat hy so'n daad
sonder so'n lisensie, permit of vergunning be-
gaan het, tensy dit bewys word dat hy in besit
van so'n lisensie, permit of vergunning was toe
hy die bedoelde daad begaan het.

(3) Die verpligting om enige feit wat 'n
verdediging sou wees op 'n aanklag van oor-
treding van hierdie Ordonnansie of regulasies
ingevolge daarvan opgestel, te bewys, berus by
die aangeklaagde.

(4) Wanneer in 'n vervolging weens 'n oor-
treding van hierdie Ordonnansie of regulasies
ingevolge daarvan—

- (a) die vraag of vleis sonder vet (hetsy ge-
droog of vars), die vleis van wild is of
was, ter sake dienend is, dan word dit
beskou dat sulke vleis die vleis van wild
is of was, tensy die teenoorgestelde
bewys word;
- (b) die vraag of 'n huid, wat onherkenbaar
gemaak is as die huid van 'n bepaalde
soort dier, die huid van wild is of was,
ter sake dienend is, dan word dit beskou
dat so'n huid die huid van wild is of
was, tensy die teenoorgestelde bewys
word.

(5) Wanneer in 'n proses teen iemand
op 'n aanklag, bewerende dat hy op 'n be-
paalde stuk grond 'n oortreding van hierdie
Ordonnansie of van die regulasies ingevolge
daarvan opgestel, begaan het, en dit bewys
word dat 'n daad, wat 'n bestanddeel van so'n
oortreding uitmaak, in of naby die plek waar
so'n stuk grond geleë is, begaan was, dan
